*LAERSKOOL **SABIE** PRIMARY SCHOOL*

PRIVAATSAK/ PRIVATE BAG X516
SABIE
1260
Tel: 013 764 1328
Fax: 013 764 3510
E-mail: admin@laerskoolsabie.co.za

Nuusbrief 1 van 2017

13 Januarie 2017

Geagte Ouers

1. ***ALGEMEEN:***

Baie welkom terug na die vakansie. Hartlik welkom aan alle nuwe leerlinge en ouers wat vanjaar vir die eerste keer deel van ons skool geword het. Graag wens ek u almal 'n gelukkige en voorspoedige 2017 toe en vertrou dat ons vanjaar weer eens goeie samewerking sal hê.
Neem asseblief ook kennis van die volgende sake:

1.1 *Inligtingsaand:* *(Onderwysers sal stiptelik om 17h30 met hulle sessie begin, moet asb nie laat wees nie)*
U word uitgenooi om die inligtingsaand op ***16 Januarie*** *by te woon en sodoende belangrike inligting rakende die skool/jaar en u kind te bekom.* ***Grondslagfase: 17h30-18h15***
Intermediêre fase: 18h15-19h15

1.2 *Besoeke aan die skool:*
Soos in die verlede, is u meer as welkom om enige saak rakende u kind met die onderwysers en/of myself te kom bespreek. Ons versoek u egter om dit asseblief per afspraak te doen, sodat daar koördinasie kan plaasvind en nie onnodige tyd verlore sal gaan nie. Wanneer u 'n besoek by die skool aflê, versoek ons u ook vriendelik om te alle tye eers by die kantoor aan te meld en ***onder geen omstandighede sonder toestemming van die hoof tussen die klasse te beweeg of onderwysers te besoek nie.***

1.3 *Skooltye vanaf 2017:*
Leerders moet asseblief nie later as 07:15 afgelaai word nie. Let Wel: Die klok lui om 07:20 wanneer u kind reeds op die skoolterrein moet wees. Na 07:20 sluit die toegangshekke en moet leerders dus by die hoofingang aan die westekant van die skool inkom.
As gevolg van die normtye soos voorgeskryf deur die Departement van Basiese Onderwys sal die skoolure soos volg wees:

Gr R:	***07h15-13h30***
Gr 1-3: Maandae tot Donderdae:	***07h20-13h30.*** *(Geen wagklasse beskikbaar nie, sportoefening en LSEN klasse tot 14h30)*
	(Gr1: 13h00 tot die einde Januarie)
Gr 4-7: Maandae tot Donderdae	***07h20- 13h30 (sportoefening/LSEN klasse tot 14h30)***
Gr1-7 Vrydae	***13h00.***

1.4 *Op- en aflaai van leerders:*
Ons vra ouers se samewerking om toe te sien dat ons kinders op 'n veilige plek buite die terrein afgelaai word. Kweek 'n veilige roetine in hierdie verband aan. Laai asseblief die kinders aan die linkerkant van die pad af by al die toegangshekke. Laatkom sal in die toekoms streng beheer word. Alle toegangshekke sal om 7:20 gesluit word. Die klein hekkie aan die westekant van die skool word dan gebruik vir die ouer om saam met die kind verskoning by die kantoor aan te bied.
Die volgende rëeling bly steeds van krag te wees: Gr 1-3 sal slegs aan die westekant van die skool op en af gelaai mag word. Alle seniors Gr 4-7 moet by die ou hoofhek (noordekant) op en af gelaai word. Jammer vir die ongerief maar weens verskeie logistieke en veiligheidsprobleme is die skool genoodsaak om hierdie rëeling so te tref.

Gr.R-leerders word voor die Gr.R-hekkie afgelaai. Let Wel: Geen gr.1-7-leerling mag hier saam met 'n broer of suster van gr.R afklim nie. Baie dankie vir u samewerking.

1.5 Skooldrag:

Ons skool se klerebank word deur tannie Mariaan bestuur. Ons versoek u vriendelik om enige bruikbare skoolklere wat moontlik te klein geword het, aan die skool te skenk.
Ons sal in die toekoms alle leerders toelaat om ons amptelike nuwe Laerskool Sabie T-hempies met bypassende kortbroek(met "tekkies of kaalvoet) op sportdae (Dinsdae en Donderdae) asook Vrydae te dra. Maandae en Woensdae word formele klere soos voorgeskryf gedra. Hiermee poog ons om die tyd wat verlore gaan met die aantrek van sportklere asook diefstal en ekstra sakke tot die minimum te beperk. Indien u nog hempies wil bekom, kan u dit by mev. Annelize Cloete koop. Indien daar 'n tekort in sekere groottes ontstaan, sal daar weer bestel word, indien die getalle dit regverdig. Let wel: As u kind nie oor 'n T-hempie beskik nie, word die gewone skooldrag op hierdie dae gedra en is die dra van enige ander informele drag nie toelaatbaar nie.
Die koste verbonde aan die hempies en broekies beloop ***R300,00 per stel. (Geen ander kortbroeke sal toegelaat word nie)***
Ek wil graag 'n vriendelike beroep op u doen om asseblief u kinders netjies in skooldrag geklee skool toe te stuur. Dit bevorder die dissipline by die skool en help ook met die eenheidsgevoel. Ons skooldrag is by die skool beskikbaar.

1.6 Huiswerkboekies:

Daar is nie 'n skool huiswerkboekie nie aangesien daar die afgelope paar jaar te veel finansiële verliese was om hierdie saak te regverdig. U word versoek om asseblief u kind met 'n behoorlike huiswerkboekie of dagboekie toe te rus. Die huiswerkboekie moet te alle tye by die skool wees. Ek wil graag aanbeveel dat u die boekie op 'n daaglikse basis sal kontroleer. Die skool gee wel 'n prospektus uit met die nodige inligting daarin.

1.7 SMS kommunikasie en herregistrasie:

Ons wil graag deur middel van hierdie kommunikasiemedium met u kommunikeer. Om die rede versoek ons u vriendelik om die skool in kennis te stel van ***enige telefoonnommers*** *wat verander. Hierdie diens word gratis deur die skool aan u verskaf.* ***Alle ouers word verplig om volgens wetgewing herregistrasie te doen. Baie ouers het nagelaat om dit aan die einde van verlede jaar te doen. Geen handboeke en ander voorraad sal aan kinders verskaf word alvorens herregistrasie afgehandel is nie.***

2. AKADEMIE:

Ons volg geen formele toetsrooster vir skriftelike assessering vir gr.4 – 7 nie. Daar sal in elke leerarea 'n minimum van vyf kleiner toetse geskryf word. Neem kennis dat volgehoue, pligsgetroue werk dwarsdeur die jaar sukses bepaal en nie net skriftelike assessering nie. Die rooster sien soos volg daar uit:

3. FINANSIES:

Tydens die ouervergadering van 03 November 2016 is die begroting vir die nuwe jaar goedgekeur. Daar is besluit om die onderriggelde te verhoog na R8330-00 (4.7%) styging per leerder per jaar.
DIE BETAALWYSE IS SOOS VOLG:
Huidige/Nuwe leerders:
1ste paaiement van R980-00 voor of op ***20 Januarie 2017*** *saam met registrasie en*
10 paaiemente van R735-00 per leerder daarna, betaalbaar voor die 5 de dag van elke maand.
Bosvolkies: (STRENG VOORUITBETAALBAAR)
NB: Daar sal geen naskool vir Bosvolkies wees nie en ons versoek ouers om kinders stiptelik op te laai.

4. SPORT:

Daar sal atletiekuitdunne gehou word soos die weer dit toelaat. Leerlinge moet asseblief elke dag sportklere saambring. (T-hemp en kortbroek) Aangesien ons gedeeltes van die dag buite gaan spandeer, stel ons voor die leerlinge bring elkeen ook 'n hoed en gebruik sonskerm.
Atletiekoefeninge volgende week: Program sal volgende week gefinaliseer word en aan u gestuur word saam met u kind. Atletiekdrag kan by die skool aangekoop word.

Interhuis atletiek 20 Januarie:	*07h15*	*Opening en verwelkoming*
	07h30	*Beamtes vergader*
	07h45	*Opkoms van die dirigente*
	08h00	*Program neem aanvang*

5. ***JAARPROGRAM EN BELANGRIKE DATUMS:***

Om u te help met u voorafbeplanning vir 2017, verskaf ons graag die volgende aan u: (Raadpleeg ook die skool se webtuiste vir verdere inligting)

09 Jan:	*Skole heropen vir gr.R – 7-leerders om 07:20.*
11 Jan:	*Atletiekuitdunne, spanindelings en afrigting begin.*
16 Jan:	*Gr. 1-3 Ouerinligtingsvergadering 17:30- 18:00 in klasse.*
	Gr. 4 -7 Ouerinligtingsvergadering 18:00-19:00 in skoolsaal.
20 Jan:	*Huissport: Begin om 08:00 (Indien dit reën, sal die byeenkoms Maandag 23 Januarie plaasvind)*
23 Jan:	*Beheerliggaamvergadering.*
27 Jan:	*Atletiek: Nelspruit Primary*
31 Jan:	*Kringatletiekbyeenkoms*
02 Feb:	*Een uur middag atletiekbyeenkoms Sabie Laerskool.*
07 Feb:	*Atletiek: Rob Ferreira.*
13 Feb:	*Oefenbyeenkoms Lydenburg*
18 Feb:	*Distrikte byeenkoms.*
24 Feb:	*Interlaer atletiek: Steelpoort Laerskool te Lydenburg Hoërskool)*

6. ***DISSIPLINE:***

Ons wil graag, sover moontlik, privaatoproepe vanaf die skoolfone vermy. Neem asseblief kennis dat die gebruik van selfone gedurende skoolure nie toegelaat word nie. Dit mag onder geen omstandighede tydens skoolure aangeskakel wees nie. Indien 'n leerder hierdie skoolreël oortree, sal sy/haar selfoon vir die res van die kwartaal gekonfiskeer word. Baie dankie ook vir u begrip in die verband.

Dissiplinêre kode: *Ons stuur die nuutste opgegradeerde veranderinge op die stelsel soos aan die einde van verlede jaar hersien.*

Ek vra dat u asseblief die gedeeltes oor ***funksies, afwesighede en huiswerk op toetsdae*** *sorgvuldig sal lees en verstaan.*

NB: Teken asseblief die eed van getrouheid en stuur dit terug na die skool toe.

7. ***TEN SLOTTE***

Soos in die verlede, vra ons by voorbaat u positiewe ondersteuning van al vanjaar se aktiwiteite. Ons glo en vertrou dat hierdie jaar ook 'n besondere skooljaar vir u en u kind(ers) sal wees. U lojaliteit het nog altyd 'n bydrae gelewer tot ons (u) skool se positiewe beeld. Kom ons hou dit so.

Vriendelike groete

Johan Kruger
HOOF